

Die volgende is 'n Toets soos voorsien deur die VAW.

Voltooi hierdie Toets as 'n Hersieningsoefening vir Hoofstuk 1 – Hoofstuk 3.

Opskrif: Hersieningsoefening 10

Vraag 1 (Telgetalle)

- 1.1.1 Rond af tot die naaste 1000:
- a) 1 989 563 (1)
 - b) 19 589 875 (1)
- 1.1.2 'n Geoloog beweer dat die Aarde ongeveer vier biljoen, vyf honderd en tagtig miljoen jaar oud is. Skryf die jare as 'n getal neer. (1)
- 1.1.3 Watter getal lê presies tussen 36 en 84? (1)
- 1.1.4 Neo maak kraal-armbandjies in drie verskillende maniere. Die eerste soort benodig 28 krale, die tweede soort benodig 30 krale en die derde soort 32 krale. Hy het 850 krale en wil graag dieselfde hoeveelheid armbandjies maak van elke soort. As hy dieselfde hoeveelheid maak van elke armband hoeveel krale gaan oorbly? (3)
- 1.2 Van die volgende getalle 1; 3; 8; 15; 23; 33 en 36 skryf neer:
- 1.2.1 Twee priemgetalle. (2)
 - 1.2.2 Twee veelvoude van vier. (2)
 - 1.2.3 Twee onewe saamgestelde getalle. (2)
 - 1.2.4 'n Getal deelbaar deur 9 sonder 'n res. (1)
- 1.3.1 Skryf 3 600 as 'n produk van Priemfaktore. (2)
- 1.3.2 Bereken $\sqrt{3600}$ sonder die gebruik van 'n sakrekenaar. (4)

1.4 Deel 108 tussen Amo, Kate en Ben in 'n verhouding van 1:2:3. (4)

1.5 Madeleine gaan na 'n uitverkoop toe by Edgars. Die Rok wat sy graag wil koop was R240, maar is afgemerkt met 25%. Hoeveel sal Madeleine nou betaal vir die rok? (3)

1.6 Colleen kry 'n lening by ABSA bank vir R150 000 om vir haarself 'n nuwe kar te koop. Sy moet die geld terug betaal in 3 jaar met 'n rente-koers van 25% enkelvoudige rente. Hoeveel geld gaan sy in totaal moet terug betaal oor 3 jaar? (3)

[30]

Vraag 2 (Heelgetalle)

2.1 Bereken die volgende, toon alle stappe:

2.1.1 Peter besoek Amerika oor die Desember vakansie. In Suid-Afrika was die temperatuur 28°C, toe hy land in Amerika is die temperatuur -4°C. Met hoeveel grade het die temperatuur gedaal? (2)

2.1.2 $-102 - 108$ (1)

2.1.3 $314 - (-25) + 8 - 35$ (3)

2.1.4 $\frac{-28}{0}$ (1)

2.1.5 $\frac{-85}{-5}$ (1)

2.1.6 $28 \times (-4)$ (1)

2.1.7 $\sqrt[3]{8} + 2^3 - \sqrt{64}$ (3)

[12]

Vraag 3 (Eksponente)

3.1 Gebruik 3^4 om die volgende vrae te beantwoord:

3.1.1 Wat is die grondtal? (1)

3.1.2 Wat is die mag? (1)

3.1.3 Skryf die mag in uitgebreide vorm. (1)



3.2 Gebruik eksponent reëls om die volgende te vereenvoudig. Toon alle berekeninge.

3.2.1 $8^5 \div 8^3$ (2)

3.2.2 $(ab)^0$ (1)

3.2.3 $\sqrt{100 - 64} + \sqrt{100} - \sqrt{64}$ (3)

3.2.4 $(\sqrt[3]{216})^3$ (1)

3.2.5 $(x^4)^5$ (1)

3.2.6 $3a^2 \times 2a^4$ (2)

3.2.7 $\frac{3^8 \times 3^4}{3^{12}}$ (3)

3.2.8 $(3a)^3$ (2)

[18]

Totaal: 60 Punte